# KINDERWERKKAART –Genesis 11: 1-9 en Jakobus 4:6

Jy kan die prentjie inkeur as jy wil

**Nederigheid vs Hoogmoed**

**Wat verwag die Jesus van ons ?**



## OUERTOERUSTING VIR DIE WEEK

- Lees deur **Genesis 11 Vers 1 – 9 en Jakobus 4:6** saam met jou kind(ers) in hierdie week.
- Veruidelik die verhaal vir jou kind(ers) Die mense het gedink hulle is slim en hulle het arrogant geword en wou 'n stad en 'n toring bou wat tot aan die hemel geraak het.
- Hier word die "hoogmoedige" arrogante mens voorgestel wat hul eie wette wil maak en wat nie wil leef volgens God se voorskrifte nie.
- Wat is die vrugte van die Gees.( Liefde, Vrede, Vreugde, Geduld, Vriendelikheid, Goedhartigheid, Getrouheid, **Nederigheid** en Selfbeheersing)
- Ons fokus op nederigheid. Veruidelik hoekom nederigheid so belangrik is.
- God sal ons seën as ons die vrugte van die Gees uitleef waarvan Nederigheid een is.
- Verduidelik hoekom dit so moeilik vir ons is om nederig te wees.
- Om 'n Christen te wees beteken om nie jouself eerste te stel nie. As jy nie jouself eerste stel nie dan is jy nederig. Volgens die Wêreld se wette moet jy jouself eerste stel en dis in teenstelling met wat ons hier in die Bybel lees.

**PRAKTYKMAKING:**

# Aktiwiteit 1

Laat jou kind buite in die grond kaalvoet rondloop en in modder loop as dit moontlik is. Laat hom of haar inkom en was sy/haar voete terwyl jy by hom haar kniel. Verduidelik dat, terwyl jy sy/haar voete was, dat dit slawe se werk was om mense se voete te was en dat dit nie werk was wat mense graag wou doen nie.

Gaan loop jy nou as ouer in die grond en modder en vra jou kind nou om jou voete te was sodat hulle kan sien dat die vuil en ondakbare werk is en verduidelik dat dit is wat nederigheid is. Om werk te doen wat ander dink hulle te goed is om te doen, maar dat dit steeds belangrik is om skoon voete te hê anders gaan jy alles vuil trap, veral as die vloere nuut gewas is, of wanneer jy gaan slaap, dan trap jy die lakens vuil en moet hulle weer die volgende dag gewas word.

Aktiwiteit 2

Laat die kinders die woorde uitknip wat hulle dink pas by die begirp en dan by die begip plak en laat hulledan verduidelik hoekom hulle dink dat dit reg is. Stel dan die perspektief en verduidelik hoekom dit reg of verkeerd is, as hulle dit klaar gedoen het

**Woorde en begrippe**

Spog, Help ander, Ignoreer mense, Wees lelik met mense, Praat mooi met

mense, Gooi ‘n tantrum, Help iemand oor die straat. Ry deur die water en spat iemand sop nat met jou fiets, Slaan iemand Help iemand wat geval het op. Stamp iemandvaspris om, Luister as jou Ma met jou praat, Hardloop weg as jou ouers jou roep, Baklei met jou boetie of sussie, Vat ‘n maatjie se lekkertjies. Deel jou speelgoed met ‘n maar. Steek jou speelgoed weg as ‘n maat kom kuier.

| |
|---|
| Nederigheid |
| Hoogmoedig |